SAWA

HELDERBERG

# Die Nuuspot



**Jaargang 41, Nuusbrief 6**
**Oktober 2025**



## Inhoud


- Inleiding
- Redaksioneel
- Die Voorsitter sê ....
- Aktueel
- Kampnuus
  (Kardoesie_Strandfontein)
- Jaar kampprogram
- Begroting
- Lief & Leed
- Oordenking


### Nuusbrief bydraes

Dankie aan:
Marthie Leach en Gawie Greeff.

### Redakteur

Filipe Valverde
082 569 4881
valverde.filipe@gmail.com
helderberg.fin@sawa.org

### Bestuur – 2024/25

**Voorsitter**
Gawie Greeff/082 879 1478
helderberg@sawa.org
gabriel.greeff@gmail.com

**Ondervoorsitter**
Kobus Adendorff/082 928 8642
adendorffk@gmail.com

**Sekretaresse**
Sorina Greef/083 231 3644
gabriel.greeff@gmail.com

**Penningmeester**
Filipe Valverde/082 569 4881
helderberg.fin@sawa.org
valverde.filipe@gmail.com

**Addisionele lid**
Eloise Adendorff/083 541 6855
eloise@octofin.co.

# Inleiding

***Goeiedag Helderbergers,***

Hiermee ons 6de Nuuspot vir 2025. Ons het nuus oor die baie suksesvolle Kardoesie naweek en Strandfontein wegbreekweek “vakansie”. Die gevolglike hoër aantal kampdae sorg vir heelwat meer fotos as normaal; fotos dra die gees en ervaring soveel beter oor.

Ons voorsitter gee terugvoer vanaf die onlangse Gebiedsvergadering en ook oor die opkomende November Kerskamp. Neem asseblief kennis van ons jaarkamprogram - die Oktober 2026 ***Wegbreekweek*** is nou by ***Kleinplaas,*** Oudtshoorn.

Die Nasionale Vergadering is agter die rug; ons raporteer spesifiek hoe van die besluite daar geneem ons op Streekvlak beïnvloed. Die nuwe Nasionale Bestuurslede is ook onder aangedui. Sien Dagbestuur se verslae (per Whatsapp versprei) vir meer besonderhede.

Ek gee weer onder “AKTUEEL” die grondwet veranderings soos goedgekeur en aanvaar by die 2025 Nasionale Vergadering, en raak aan hoe dié ons affekteer - soos Helderberg Streek se bywoningsyfers tendense nou staan sal ons in die toekoms net ***een afgevaardigde*** na die Nasionale Vergaderings toe mag stuur.

Lekker lees en Nuuspot groete

***Filipe***

**Stuur asb. nuusbrokkies vir ons Nuusbrief**



# Redaksioneel

***Goeiedag Helderbergers***.

En daar ontvang onse Nuuspot die afgelope Nasionale Vergadering 'n ***nasionale toekening!*** Dankie vir al die bydraes en hulp; ook vir die aktiewe saamtrekke wat daartoe bygedra het! Ons hoop die nuusbrief bly waarde toevoeg vir ons lede en dat dit vorentoe goed sal bly met Nuuspot.

***'n Sterker Toekoms Saam:*** Die impak van dalende ledetale op bywoningsyfers en lewensvatbaarheid van Streke bly 'n uitdaging. Dit is in hierdie konteks dat konsolidasie voorgestel word as 'n pragmatiese benadering. ***Vroegtydige samesmelting*** van Streke wat hulself in vergelykbare situasies vind, en waarby altwee baat vind, is 'n minder traumatiese ervaring as die onafwendbare ontbindings wat volg op die ignoreer van realiteite.

Oor die jare heen het Streke trotse geskiedenisse opgebou - met lojale lede en wonderlike herinneringe. Daar is kampvure gedeel, saam gelag en die ervaring van deel wees van 'n gemeenskap wat die kampleefstyl liefhet.

Dit verloor ons nie graag nie - en behoort ook nie! Maar tye verander en aanpassing is belangrik en nodig.

Konstante lidmaatskap afnames plaas die las om Streke aan die gang te hou (saamstel van bestuurspanne, saamtrekke reël, befondsing en volhoubaarheids-versekering) op die skouers van al hoe minder lede. Die entoesiasme is daar, maar lae getalle maak dit moeilik.

In sulke omstandighede is proaktiewe oorweging van **samesmeltings** die pragmatiese pad om te volg. Deur kragte saam te snoer, kan ons sterker en meer volhoubare Streke skep. Die prosses van saamsmelt kan die geskiedenis behou deur die kombinasie van Streekname, Streeksimbole en tradisies. Hoewel ons soms dink dat lede van ander Streke "anders" is, is dit tog so dat Sawanante oorals baie eenders is - ons is almal lief vir die natuur, kamplewe en kuier om die vuur.

***Verdraagsaamheid:*** Die vermoë om jouself in iemand anders se situasie in te dink en te probeer verstaan hoe hulle voel, sonder om hulle te oordeel of dadelik oplossings aan te bied. Dit verwys na 'n bereidwilligheid om oortuigings, praktyke of gedrag te aanvaar wat van jou eie verskil.

Lekker lees en veilig sleep



***Filipe***

# Die Voorsitter sê .......



Groete

Ons nader ons Kerskamp baie vinnig;'n aanduiding is die jaar is vinnig besig om leeg te loop. Filipe sal sekerlik meer oor die Wegbreeg week skryf, dus gaan ek nie uitbrei daarop nie.

Terugvoer van die afgelope Gebiedsvergadering: Pieter Henning is eenparig aangewys as die Gebied se onder-voorsitter. Baie geluk en sterkte met die taak vir die volgende jaar. Belangrike besprekings punte was op die agenda. Drie punte wat uitgestaan het was volgende jaar se Gebiedskamp, die Streke se AJV 2026 en die Nasionale AJV 2026.

Op hierdie stadium kan ek nie veel uitbrei daarop nie, wat ek wel kan noem is dat daar weer 'n musiekfees gereël gaan word saam met die Gebiedskamp Maart 2026. Wat my opgewonde maak oor die Gebiedskamp is die verskeidenheid van kunstenaars wat gaan optree en die kamp pakkette wat aangebied gaan word. Hierdie kan dalk 'n jaarlikse instelling raak vir die Gebied. Net die tyd sal ons leer. Ek wens die Streek (Streke) wat die musiekfees reël alle sterkte toe en dat dit 'n sukses sal wees.

Ons Kerskamp is om die draai. Dit is vanjaar te Oostewal. (21-23 Nov 2025). Die tariewe is R104.00/plot/nag. Maksimum van 6 persone. Ons mag deel solank ons nie die maksimum van 6 persone oorskry nie. Dus sal die naweek plus admin fooi jou R243.00 kos. Ons beplan om die Saterdagaand tussen die karavane by mekaar te kom, lekker ontspan en 'n Kers ete geniet. Ek is nog besig om met die bestuur te onderhandel oor wat die Streek gaan voorsien die aand, maar wat ek wel 100% verseker is oor, daar gaan 'n brood en nagereg tafel wees wat deur die Streek voorsien gaan word. Ek nooi julle ook uit om met idees vorendag te kom, sodat ons die Kerskamp 'n onvergeetlike naweek kan maak. Meer inligting sal op die kamp groep uitgestuur word teen Woensdag die 5de November 2025.

Geniet die nuuspot en tot volgende keer laat ek julle met die boodskap:

Jakobus2:8-13 Barmhartigheid is ook getuienis Die oordeel sal onbarmhartig wees oor die wat nie barmhartigheid betoon nie. Maar barmhartigheid triomfeer oor die oordeel (v13) Ons mag nie by mense in nood verbystap nie. Here leer my om barmhartig te wees soos U.

Groete

***Gawie Greef***

----------- oooo ------------

# Aktueel

***SAWA Nasionaal en Gebied***

***2024/25 Nasionale Vergadering***

Die volgende dokumente is op ons Whatsappgroep versprei:
(1) 2025 Nasionale Vergadering dokument,
(2) Voorsitter terugvoer 20251014 - Nasionale Vergadering en
(3) Voorsittersverslag aan die Nasionale Vergadering 2025

Onder, is uitreksels uit die bogenoemde dokumente.

- Die nasionale voorsitter se openingsrede het ondermeer die uitdagings vir SAWA uitgestip betreffende die ekonomiese druk, die aantal kwynende Streke en dalende ledetal. 'n Ledetal van 643 aan die einde van die kamp jaar (**Red**.: Junie 2025).
- Ledegeld is aangepas tot R575 per jaar. Geen aanpassing is gemaak aan die aansluitings fooi van R120.
- Die vier punte (**Red**.: Sien ***SAWA Nasionaal en Gebied/Grondwet veranderings*** onder) waaroor gestem is, is almal deur die afgevaardigdes aanvaar. Die SAWA Grondwet sal nou daarvolgens opdateer word.
- Die Nasionale Bestuur sal bestaan uit die volgende agt lede:
  a. Nasionale Dagkantoor lede:
    i. Nasionale Voorsitter: Niël Goslett (Streek Suidwes-Kaap).
    ii. Nasionale Sekretaris: Martin Rix (Streek Wapadrand).
    iii. Nasionale Penningmeester: Chris Joubert (Streek Kiepersol).
  b. Gebiedsvoorsitters vir 2025/26:
    i. ***Gebied Goeie Hoop: Louis Havenga*** (Streek Suidwes-Kaap).
    ii. Gebied Jakaranda: Francois Groenewaldt (Streek Kiepersol).
    iii. Gebied Kaap Middellande: Fred Schmiedeskamp (Streek Klein Karoo).
    iv. Gebied Oosrandia: Jannie Meyer (Streek Elandsrand).
    v. Gebied Vaaldriehoek: Koos Boshoff (Streek Vaalrivier)

- Ons ledetal aan einde Junie 2025 was 643. Dit is 'n afname van 119 lede sedert Junie 2024 teenoor 72 in die vorige jaar. Ons kan dit aan twee oorsake toeskryf .... sluiting van 4 onaktiewe streke ..... die opvolg van nie-betalende lede (**Red**: van dié lede word dan as bedank geregistreer) ..... Met die afname in ledetalle, veral in die Noordelike Gebiede sal daar gekyk moet word om streke te konsolideer .....

***Nasionale Bestuurs Vergadering (NBV)***

Daar was sedert die vorige Nuuspot nie weer 'n Nasionale Bestuursvergadering nie. Die volgende NBV is geskeduleer vir 11 November 2025 - ons sal in ons volgende Nuuspot uittreksels daaaruit plaas.

Die ***Goeiehoop Gebiedsvergadering*** het op 29 Oktober plaasgevind - sien ons voorsitter se terugvoer hieroor bo. Die item i.s. Gebied Goeie Hoop Streke se voorstelle rondom die **dalende SAWA Ledetal** uitdaging is nie op hierdie Gebiedsvergadering bespreek nie.

***Grondwet veranderings***

Ek plaas weer vir gerief doeleindes die 4 Grondwet punte wat op die 11 Oktober 2025 Nasionale Vergadering goedgekeur is.

(1) **AJV kworums**: "Indien 'n kworum nie binne 60 minute na die aanvangstyd van so 'n vergadering gevorm kan word nie, sal aanwesige stemgeregtigde lede 'n kworum vorm."

**(2) Aktiewe/Onaktiewe**: Aktiewe lede is lede wat ten minste EEN keer per SAWA jaar (**Red.**: Julie tot Junie) 'n Streekkamp bywoon. Aktiewe lede:-

- Het inspraak en stemreg op Streeks AJV's/Spesiale Vergaderings.
- Mag op 'n Bestuur dien.
- Mag as afgevaardigde na die Nasionale Vergadering oorweeg word.
- Vorm deel van die Streek se Aktiewe getalle.

(3) **NV proporsionele afvaardiging/stemreg**: Die Streek se Aktiewe getalle word proporsioneel gebruik om verteenwoordiging by die Nasionale Vergadering (NV) te bepaal:

- Streke met meer as 60 stemgeregtigdes kan 3 afgevaardigdes na die NV stuur.
- Streke met 25 tot 60 stemgeregtigdes kan 2 afgevaardigdes na die NV stuur.
- Streke met 10 tot 24 stemgeregtigdes kan 1 afgevaardigde na die NV stuur.
- Streke met 9 of minder stemgeregtigdes kan nie enige afgevaardigde na die NV stuur nie. Sodanige streek se insette moet deur die betrokke Gebiedsvoorsitter hanteer word, sonder enige addisionele regte aan die Gebiedsvoorsitter.

---

**Red**: ***(A)*** *Implikasies van bostaande punt 3: Tydens NV's (Kongresse) kan daar Streke wees sonder direkte afgevaardigdes. Groot Streke kan tot 3 NV afgevaardigdes hê.*

***(B) Onaktiewe*** lede :-

- HET steeds inspraak en stemreg op Streek AJV's/Spesiale Vergaderings.
- Mag NIE op 'n Besture dien nie.
- Mag NIE as afgevaardigdes na die Nasionale Vergadering oorweeg word nie
- Vorm NIE deel van die Streek se Aktiewe getalle nie.

---

(4) **Gebiede en Streke**: Daar sal slegs Gebiede en Streke in SAWA sal wees, sonder die verwysing of afgradering na 'n Satelliet.

**------------ oooo ------------**



# Kampnuus Kardoesie/Strandfontein

Streke Noord-Boland en Helderberg het die naweek van 17-19 Okt. by die ***Kardoesie*** woonwapark gaan Saamtrek en dit opgevolg met 'n Wegbreek 20 tot 27 Oktober te ***Strandfontein*** in die Weskus.







In alby gevalle was die fokus ontspanning! Behalwe vir boekevat en die Sondag kerkdienste was daar geen ander reëlings nie. Die kampers kon doen wat hulle wou; en hulle het! Vroeëoggend stappies op die mooie Strandfontein strand, versamel van spoelklippies, ritte na nabygeleë Olifantsriviermond en vissersdorpie Papendorp, nog wynkelder besoeke, ritte na die Loeriesfontein windpomp museum, die Kokkerboom reservaat en Dorp-Op-Die-Berg, grondpad/4x4 ry en wandelroete stappies.

***Kardoesie*** is 'n puik woonwapark in Piekenierskloof in die Olifantsrivier berge. Ons was 9 lede en 2 gaste van Noord-Boland, en 4 lede van Helderberg; daar was 'n totaal van 22 kampers by Kardoesie. Goeie weer, netjiese fasiliteite, 'n lowergroen grasperk, mooi uitsigte oor die Olifantsriviervallei en die opkomende Wegbreek vakansie het gesorg vir 'n wonderlike kuiernaweek.



Meeste van ons het **Vrydag** aangekom. Na boekevat is die vure aangesteek, gekuier en gebraai. ***Saterdag*** was dit ontspan tyd. Die area is verken, proviant is aangekoop by Kardoesie se eie vleiswinkel, daar is Franse Boules gespeel en die energieke het die plaaslike staproetes aangedurf. Die dag is afgesluit met 'n baie suksesvolle saambraai. ***Sondag*** is die Erediens gelei deur Andre Swanepoel, gevolg deur die gebruiklike Voorsitterstee. Waar kampopbreek normaalweg sou volg het ons dié keer die res van die Sondag gehad om te rus en geniet - van ons het besluit om die mooie Middelbergpas te gaan geniet en verder gery tot Dorp-op-die-Berg. Die dag is weer afgerond met 'n saambraai.

En so is dit ***Maandag-oggend*** en tyd vir die Strandfontein vakansie! Daar is gepak en reggemaak vir die 150km trek Strandfontein toe. Die Strandfontein groep was 19 in totaal: 10 het in konvooi gery vanaf kardoesie, 6 op hul eie daar gekom en 3 het later die week by die groep aangesluit.

Voor ons vertrek uit Kardoesie is daar gebrekfis, groepfotos geneem en Noord-Boland het hulle nuwe T-hempies met trots onthul; so om en by 10:30 was die konvooi oppad. Die***Trawal Biltong Bar*** was ons eerste pitstop waarna ons die pad weer vat ***Klawer*** wynkelder toe vir wynproe en inkopies. ***Lutzville*** wynkelders was ons volgende stop om seker te maak ons het voldoende voorraad en die laaste 30km na ***Strandfontein***.



Strandfontein toe ...

Vir die volgende 7 dae (9 vir die gelukkiges) was daar gekuier, ontspan, kos gemaak, op die lieflike strand en plaaslike wandelpad geloop, wynkelders besoek en die nabygeleë (en nie so naby nie) gebiede is verken.

Ons is baie dankbaar dat ons geen ernstige probleme die hele toer ervaar het nie. Ook vir die wonderlike mense wat deelgeneem het en hul geduld waar dinge nie altyd volgens plan verloop het nie.

Daar is baie gedoen deur almal wat beste weerspieël word in die fotos onder.

***Dankie aan almal*** vir die wonderlike saamkamp en kuier. Ons is dankbaar almal is veilig terug by die huis.


Sien mekaar weer by ons ***Kerskamp***, ***21/23 Nov '25*** te **Oostewal, Langebaan**

***Filipe***




Gaan nou hemp
'n Baie goeie grap!
Mi Liquors @ Die Mans Apteek


KLAWER
WYNKELDER
TEUBES
LUTZVILLE
VINEYARDS



Marius en Huibre - ons visvang duo

Meneer! Dis hoe mens visvang

Horseshoe Woonwapark - Strandfontein

Papendorf Soutpan Fotoshoot


Definitief sout .....
R
303
Op-Die-Berg 46
P.A. Hamlet 81
Ceres 90
Olifantsriviermond
SPARTAN
Loeriesfontein en die Kokerboomwoud uitstappie
Die dapper stappers





Helderberg/Noord-Boland Saamkampprogram vir die ***res van 2025 en vir 2026***. Neem kennis van die volgende **verandering**:



**(1)** 10-18 Okt 2026 Wegbreek Week verander na ***Kleinplaas, Oudtshoorn***.
**(2)** 09-11 Okt 2026 kampnaweek Oord bly te Appelkosie, Montagu.

NOORD-BOLAND

**SAAMKAMP PROGRAM - JAAR 2025+2026 (Weergawe 3)**

**NOORD-BOLAND EN HELDERBERG**

HELDERBERG

| Jaar | MAAND | DATUM | AANBIED-STREEK | OORD |
|---|---|---|---|---|
| Jaar 2025 | Nov | 21 tot 23 | Helderberg | OOSTEWAL, Langebaan |
| | Des | Geen kamp | | |
| Jaar 2026 | Jan | 16 tot 18 | Helderberg | LEENTJIESKLIP, Langebaan |
| | Feb | 13 tot 15 | Noord-Boland | WOLVENBERG, Rawsonville (TOEKA KAMP - TENTE) |
| | Feb | 20 tot 22 | Suidwes-Kaap | SKIMKAMP |
| | Mrt | 11 tot 12 | Suidwes-Kaap | HOLLANDSCHE MOLEN (SENIOR SAAMTREK) |
| | Mrt | 13 tot 15 | Suidwes-Kaap | HOLLANDSCHE MOLEN (GEBIEDSKAMP) |
| | Apr | 24 tot 26 | Helderberg | ALTYD WATER, Worcester |
| | Mei | 15 tot 17 | Noord-Boland | KONINGSKOP, WILGERSBOSDRIF PLAAS (18Ks VANAF PIEKENIERSKLOOF) |
| | Jun | 12 tot 16 | Noord-Boland | KLEINE PARADYS |
| | Jul | Geen kamp | | |
| | Aug | 14 tot 16 | Albatros | GESAMENTLIKE AJV's (WAG VIR OORD) |
| | Sep | 11 tot 13 | Helderberg | BREEDE ESCAPE, Bonnievale |
| | Okt | 09 tot 11 | Helderberg | APPELKOSIE, Montagu |
| | Okt | 10 tot 18 | Noord-Boland | KLEINPLAAS, Oudtshoorn (WEGBREEK WEEK) |
| | Nov | 20 tot 22 | Noord-Boland | KLEINE EIKE, Greyton (KERKSKAMP) |
| | Des | Geen kamp | | |

**Maak SAWA deel van jou ontspanningsplanne**



# Helderberg 2025/26 Begroting



Onder is ons bedryfsbegroting vir die huidige (2025/26) finansiële jaar: Werklike syfers vir Julie tot Oktober '25, en beraamde syfers vir die res van die jaar.

| MAANDELIKSE STAAT VAN INKOMSTE VIR DIE JAAR 2025/26 | | Jul-25 | Aug-25 | Sep-25 | Oct-25 | Nov-25 | Jan-26 | Feb-26 | Mar-26 | Apr-26 | May-26 | Jun-26 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Geen kamp | Ou Skip AJV | Onrus | Kardoesie | Oosteval | Leentjies | Wolvenberg | Hol'se M Gbd | Altydwater | Koningskop | Kleine P'dys |
| Verwagte opkoms (Waens; HB syfer) | | 0 | 6 | 11 | 4 | 6 | 9 | 5 | 2 | 9 | 5 | 8 |
| INKOMSTE | | R5,760 | R7,168 | R16,646 | R3,992 | R1,808 | R3,412 | R1,415 | R0 | R7,840 | R3,575 | R8,320 |
| Bedryfskostesfooi | | | R140 | R245 | R0 | R210 | R315 | R175 | R0 | R315 | R175 | R280 |
| Fondsinsameling | | | R1,800 | R1,560 | R0 | | R800 | | R0 | R800 | R0 | R0 |
| Kerk Kollektes | | | R1,850 | R565 | R432 | R150 | R225 | | | R225 | | |
| Donasies | | R200 | R900 | R650 | R200 | R200 | R200 | R200 | | R200 | R200 | R200 |
| Kongres inkomste/Bankkostes terugbetalings | | | | R14 | | | | | | | | |
| Funksies fooie | | R2,160 | | | | | | | | | | |
| Saamtrekfooie | | R3,400 | R2,478 | R13,613 | R3,360 | R1,248 | R1,872 | R1,040 | R0 | R6,300 | R3,200 | R7,840 |
| UITGAWES | | R5,605 | R64 | R18,476 | R4,507 | R1,324 | R2,248 | R1,116 | R0 | R6,376 | R3,476 | R7,916 |
| Aankoop van Bates | | | | | | | | | | | | |
| Affiliasiegelde - Federasie | | | | | | | | | | | | |
| AJV uitgawes | | R0 | R0 | R0 | | | | | | | | |
| Bankkoste | | R45 | R64 | R45 | R67 | R56 | R56 | R56 | | R56 | R56 | R56 |
| Diverse koste | | | | | | | | | | | | |
| Graveerwerk | | | R0 | | | | | | | | | |
| Instandhouding | | | | | | | | | | | | |
| Kongres uitgawes | | | | | | | | | | | | |
| NUB koste | | | | | | | | | | | | |
| Plaatjies / Verbruiksartikels | | | | | | | R300 | | | | R200 | |
| Reiskoste | | | | | | | | | | | | |
| Ruikers, geskenke & onthaal | | | | | | | | | | | | |
| Saamtrek Uitgawe | | R5,560 | R0 | R15,011 | R4,440 | R1,248 | R1,872 | R1,040 | | R6,300 | R3,200 | R7,840 |
| Skryfbehoeftes & drukwerk | | R0 | R0 | R0 | R0 | R20 | R20 | R20 | | R20 | R20 | R20 |
| Donasie (Kerk kollektes) | | | | R3,420 | | | | | | | | |
| Gebiedsfooie/Donasies | | | | | | | | | | | | |
| NETTO WINS (VERLIES) | VIR DIE MAAND | R155 | R7,104 | (R1,830) | (R515) | R484 | R1,164 | R299 | R0 | R1,464 | R99 | R404 |
| BANKBALANS | BEGIN MAAND | R5,063 | R5,218 | R12,322 | R10,493 | R9,978 | R10,462 | R11,626 | R11,925 | R11,925 | R13,389 | R13,488 |
| | MAANDEINDE | R5,218 | R12,322 | R10,493 | R9,978 | R10,462 | R11,626 | R11,925 | R11,925 | R13,389 | R13,488 | R13,892 |
| BEDRYFSLASTE | MAANDEINDE (Kollektes) | R1,570 | R3,420 | R565 | R997 | R1,147 | R1,372 | R1,372 | R1,372 | R1,597 | R1,597 | R1,597 |
| | MAANDEINDE (Ander) | R1,039 | R3,752 | R1,969 | R1,969 | R2,179 | R2,494 | R2,669 | R2,669 | R2,984 | R3,159 | R3,439 |
| | MAANDEINDE (Totaal) | R2,609 | R7,172 | R2,534 | R2,966 | R3,326 | R3,866 | R4,041 | R4,041 | R4,581 | R4,756 | R5,036 |
| OPGELOPE WINS (VERLIES) | MAANDEINDE | R2,609 | R5,150 | R7,959 | R7,012 | R7,136 | R7,760 | R7,884 | R7,884 | R8,808 | R8,732 | R8,856 |

**Notas:**

*(1) Die Oktober R1,969 "BEDRYFSLASTE (Ander)" is wat gespaar is vir voorraad (plaatjies/toekennings), plaatjie drukker kostes, skryfbehoeftes en die gratis naweek. Anders as "Kollektes" is dié steeds ons fondse - maar ons hou dit een kant vir verwagte uitgawes in die toekoms; dit is dus nie ingesluit in die laaste lyn (OPGELOPE WINS) nie.*

*(2) Waar 'n Saamtrek nie deur Streek Helderberg aangebied word nie kan items soos Bedryfskostesfooi, Kerk Kollektes en Saamtrekfooie/-uitgawes 'n nul syfer wys omrede sulke inkomstes na die Streek/Gebied gaan wat die Saamtrek reël.*

**Filipe**

------------ oooo ------------



# Lief en Leed



## Baie geluk aan ....

| November | Huweliksherdenkings | Verjaarsdae |
|---|---|---|
| | Fanie & Susan Delport (02) | Sorina Greeff (05) |
| | Bertie & Andrie Van Niekerk (05) | Derrick Oosthuizen (08) |
| | | Vlooi Du Plooy (12) |
| | | Surina Cloete (14) |
| | | Linda Du Plooy (15) |

## Ons dink aan ......

***Derrick en Antoinette** Oosthuizen se seun Dewald was in ń ernstige motorfiets ongeluk. Ons wens hom 'n spoedige en volle herstel toe.*

***Gawie Greeff** het 'n skouer operasie ondergaan. Sterkte en 'n spoedige herstel.*

----------- oooo ------------

# Oordenking



*Klippe*

*Klippe leef.....volgens die Bybel altans.  Klippe praat.*

*In Miga 6:1-2 lees ons hoedat God die berge en heuwels inroep as getuies teen sy volk.*

*Het jy al by Kardoesie gesit en kyk hoe die berge en heuwels die lof van God verkondig?*

*In Lukas 19:37-40 sê Jesus dat as die mense stilbly, die klippe dit sal uitroep dat Hy die Gestuurde van God is.*

*Klippe is nie aldag so dood soos hulle lyk nie. Stap net langs Strandfontein se strand en luister hoe hulle gesels as die branders hulle uitspoel. Hulle kap en skaaf en word heen en weer geslinger, maar kyk hoe mooi kom hulle anderkant uit. Al die lelike skerp punte weggewerk. Dit laat my ook dink aan Spreuke : Yster slyp yster en so vorm vriende mekaar, selfs daar om die kampvure van die lewe.*

*As 'n groot klip voor jou in die pad lê, dan kan jy nie daaroor ry en maak asof niks gebeur het nie.*

*As 'n klip in jou rigting gegooi word, moet jy koes!*

*Maar, die Klip wat deur die bouers verwerp is het die hoeksteen geword. Ps 31 en 62 verduidelik dit so mooi. Hy is ewig en stewig. Hy is onwankelbaar.*

*Selfs al bewe ons, dan beef die ewige rots op wie ons staan nooit nie.*

*Ds. Andrea het dit so mooi opgesom in die Uitsig kapel in Strandfontein toe sy sê geen stormwind kan ons van koers waai nie. Ons leef bo-op die ewige onwankelbare Rots.*

*Ons is elkeen uniek soos al die mooi spoelklippe het elkeen sy plek om uit te roep.*

*Wie is ek om die eerste klip te gooi as ek dink iemand is verkeerd? Voor jy reageer,*

*onthou God se genade is groter as enige skade wat jy ooit kan oorkom.*

*Hy is ons bergvesting omdat Jesus ons Heer is.*

*Iets goed kan uit 'n klipmeul kom.*

***Marthie Leach***

